UIT **ELEKTRA**
**Deur**
**SOPHOCLES**

**(In Afrikaans vertaal deur J.P.J. van Rensburg)**

**ELEKTRA:**

Goed dan praat ek.

U erken dat u my vader gedood het. Watter erkenning kan nog skandeliker as dit wees, mét of sonder reg? Maar ek gaan vir u sê dat daar geen reg by u moord was nie; nee, wat u meegesleur het, was u hartstog vir die slegte man met wie u nou saamleef!

Gaan vra maar vir Artemis, die Jaggodin, watter oortreding dit is wat Sy wou straf, toe Sy die winde wat só dikwels by Aulis waai laat gaan lê het. Wag, ek sal u sê, want 'n mens mag nie 'n godin uitvra nie.

Ek het gehoor hoe my vader eendag vir die pret in die woud van dié godin gaan stap en 'n gespikkelde horingsmantakbok opgejaag het. Toe hy dit plattrek, het hy, sonder om te dink, 'n bietjie gespog oor die raakskoot. Dáároor het die Dogter van Leda toornig geword en die Grieke vasgekeer. My vader moes betaal: as vergelding vir die wilde dier moes hy sy eie dogter opoffer. So is sy dan toe geoffer; daar was geen ander manier om die skepe te laat vaar nie, huis toe óf na Troje nie. Dít was die rede waarom hy haar uiteindelik geoffer het, onder dwang en vol wroeging, nie terwille van Menelaos nie!

En selfs as hy dit gedoen het om Menelaos te help - kyk, ek stel u kant van die saak ook! - was dit 'n rede vir u om hom dood te maak? Onder watter wet? Pasop, as u so 'n wet vir sterflinge neerlê, gaan u rampe en berou oor uself bring. As ons vir die moord op één 'n ander moet vermoor, sou u mos die eerste moes sterf - as u dan moes kry wat u toekom! Nee, kyk goed of die verskoning wat u gee, werklik 'n verskoning is.

Kom sê my, as u so voel, waarom is u gedrag dan nou so allerskandelik? Waarom slaap u by dié skurk, wat u eers gehelp het om ons vader uit te roei? Waarom kinders kry by hom? En u vorige wettige kinders uit 'n wettige huwelik het u weggegooi!
Hoe sou ek dít kon aanprys? Of wil u sê dat dit ook deel is van u wraakneem vir u dogter? Dis skandelik as u dit durf sê. Dis nie reg om oor jou dogter met jou vyand te trou nie!
O nee, ek mag jou mos nie vermaan nie! Dan skreeu jy dit uit: ek verkoop vuil praatjies oor my moeder! Moeder? Nee, vir my is jy eerder die baas en ek soos 'n slawin wat gedurig die grootste beledigings moet sluk van jou en jou minnaar.
En die ander een daar vêr - hy het amper nie jou moordenaarshand ontvlug nie, die ongelukkige Orestes, hy slyt sy lewe in ellende! Dikwels het jy my al beskuldig dat ek hom grootmaak om wraak op jou te neem. Dit sou ek ook gedoen het, as ek kon, wees daarvan seker! Wat my betref: verkondig dan nou maar vir almal hoe sleg ek is, en praatsiek en volkome skaamteloos - net wat jy wil! As ek in sulke prestasies bedrewe is, is ek jou kind, en steek ek jou nogal nie in die skande nie!

---ooOoo---